NG GEMEENTE SENEKAL

Vakature: Voltydse Leraarspos

Gemeenteprofiel:

Senekal is ’n plattelandse dorp, 175 km Noord-Oos vanaf Bloemfontein en 75 km Suid-Wes vanaf Behtlehem. Daar is ongeveer 358 belydende- en 85 dooplidmate. Die dorp beskik oor ‘n goeie hoër- en laerskool, ‘n aftreeoord, ‘n ENGO-kantoor en ‘n Bejaardesorg-tehuis.

Leraarsprofiel:

- Bedieningsgeleenthede volgens artikel 9 van die Kerkorde.
- Liefdevolle en minsame persoon met ‘n passievolle uitlewing van sy/haar roeping.
- Gemeentelike ervaring en wat met oorgawe huisbesoek sal doen.
- Skrifgetroue en aktuele Woordverkondiging met entoesiasme.
- ‘n Spanbouer wat gemaklik klein en groot groepe kan lei tot die opbou van die gemeente as ‘n hegte eenheid met ‘n gevoel van samehorigheid.
- Saam met sy/haar huisgesin betrokke wees binne en buite die gemeente.
- Beskik oor eie vervoer wat ook op plaaspaaie gebruik kan word.

Vergoeding en voordele: Onderhandelbaar, met Sinodale skaal as riglyn.

Huisvesting: Pastorie met munisipale dienste, landlyn- en selfoontoelae.

Aansoeke: U aansoek moet ‘n volledige CV en minstens drie referente, asook kontaknommers insluit. Stuur asseblief per e-pos aan die NG Gemeente Senekal by ngsenekal@telkomsa.net - ***bevestig ook ontvangs van u aansoek met die Skriba van die Kerkkantoor.*** Aansoekers wat die kortlys haal, sal genooi word vir ‘n onderhoud en moontlik ‘n preekgeleentheid. Indien u getroud is sal u gade welkom wees om die onderhoud by te woon.

Sluitingsdatum vir aansoeke: Vrydag 15 Junie 2018

Navrae: Mnr Phillip Fourie (Kerkraadsvoorsitter) op 083 465 1311, of die Kerkkantoor op 058 481 2701 (k/u Ma-Vr 09:00 - 13:00)